

# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING



**31D23BR**

**VRM: 118**

**Dae tot 50% blom:**

**45 tot 58**

**Fisiologies ryp:**

**122 tot 125**

- Nuwe VTP weergawe met Mon89 geen.
- Kort- tot medium groeiseisoen geel kultivar geskik vir besproeiing.
- Enkelkoppig maar kompenseer voldoende by laer plantpopulasies.
- Aangepas by alle grondtipes, 0.75m tot 0.91m rywydtes onder besproeiing.
- Beste plantestand: 70,000 – 85,000 plante per hektaar, hoë inset.
- Beste plantdatum: mid-November tot mid-Desember.



BELANGRIKE AGRONOMIESE EIENSKAPPE		SIEKTEVERDRAAGSAAMHEID	
▪ Staansvermoë		▪ Bruinroes	
▪ Opbrengspotensiaal		▪ Grysblaarvlek	
▪ Meerkoppigheid		▪ Noordelike blaarskroei	
▪ Kopplasing		▪ Stam- en wortelvrot	
▪ Droogte-verdraagsaamheid		▪ Kop- en pluimbrand	-
▪ Afdroging		▪ Fusarium kopvrot	-
▪ Produktiewe spruite	-	▪ Diplodia kopvrot	
▪ Staygreen		▪ Gibberella kopvrot	
▪ Aantal rye	±16		

*Eienskapsgradering:*

Goed



Gemiddeld



Swak



*Siekteverdraagsaamheid:*

Hoog



Gemiddeld



Laag




### OPBRENGS


- In die figuur hieronder verteenwoordig die swart lyn die Kg/ha opbrengsvoordeel van 31D23BR gelyk gestel aan nul. Die vergelyking is relatief tot ander kultivars.
- Dit is duidelik dat 31D23BR goed meeding teen al die Pioneer genetika. 31D23BR klop ou genetika soos P1814R met 388 Kg/ha (15 lokaliteite).
- 31D22BR en 31D23BR met die VTP voordeel verskil slegs 107 Kg/ha oor 15 lokaliteite. Dit onderstreep dieselfde genetiese agtergrond.
- 31D23BR is 'n top presteerder en klop topverkopers soos DKC 65-52BR en DKC 65-60BR respektiewelik met 770 Kg/ha en 198 Kg/ha beide oor 15 lokaliteite.
- 31D23BR klop die gedugte PAN 3R-724BR met 167 Kg/ha (15 lokaliteite) en bied die VTP geen teen mieliestronkboorder as alternatief.
- 31D23BR het 'n ietwat langer groeiperiode (CRM = 118) maar toon goeie stabiliteit en is geskik om tydens vroeë plantdatums (15 November tot 15 Desember) in die Noord-Kaap aan te plant.
- Dit is veral geskik vir die relatief warmer dele in die Noord-Kaap besproeiingsgebied.

# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING




### MEERJARIGE VERGELYKINGS




- Die figuur hierbo toon die opbrengsprestasie van 31D23BR in vergelyking met DKC 65-52BR as verskil in terme van Kg/ha oor 11 lokaliteite.
- Dit is duidelik dat 31D23BR 73% van die vergelykings wen. In terme van opbrengs het 31D23BR gemaklik met 891 Kg/ha beter as DKC 65-52BR presteer. Dit op gelyke speelveld omdat 31D23BR ook die VTP beskerming teen mieliestronkboorder bied.
- 31D23BR is daardie kultivar geskik vir relatiewe vroeë plantdatums.
- Dit is 'n kultivar wat tot 'n mate meer "Flex" toon en minder populasiesensitief as P1197HYR is.
- 31D23BR kan gevolglik uitstekend saam P1197HYR verkoop word en verleen buigsamheid en variasie in terme van groeiseisoen lengte.

# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING



- Die figuur hierbo toon die opbrengsprestasie van 31D23BR in vergelyking met DKC 65-60BR as verskil in terme van Kg/ha oor 11 lokaliteite.
- Dit is duidelik dat 31D23BR slegs 36% van die vergelykings wen. In terme van opbrengs het 31D23BR met net 91 Kg/ha beter as DKC 65-60BR.
- Daar is 'n geringe opbrengsverskil wat daarop dui dat 31D23BR as goeie alternatief teen topverkoepers bemark kan word.



- Die figuur hierbo toon die opbrengsprestasie van 31D23BR in vergelyking met PAN 3R-724BR as verskil in terme van Kg/ha oor 11 lokaliteite.
- Dit is duidelik dat 31D23BR 82% van die vergelykings wen. In terme van opbrengs het 31D23BR met 249 Kg/ha beter as die gedugte PAN 3R-724BR presteer.
- 31D23BR is dus 'n kultivar wat kompetender is in terme van opbrengs en oor die VTP geen beskerming bied. Dit is veral 'n goeie keuse vir 'n vroeë plantdatum.

# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING





### ALGEMENE AGRONOMIE

Location	Plant Population	Seedling Vigour	Standability	Ear Diameter (mm)	Ear Length (mm)	PE Ratio (%)
Hartswater	85 000	S	A	50	195	47
Magagong	85 000	S	A	51	190	55
Jacobsdal	85 000	S	A	50	200	51
Douglas	85 000	S	A	52	185	52
Average		S	A	51	193	51

- In die boonste tabel is dit duidelik dat 31D23BR agronomies baie aanvaarbaar is.
- Meerkoppigheid is nie ter sake in die konsep nie, maar daar kan gereken word op een kop per plant. In sekere gevalle waar plantestand nie na wense is nie (laer as 75 plante per hektaar) is 31D23BR by vermoë om 'n ekstra koppie te vorm en so te kompenseer.
- Saailing groeikrag is sterk wat tot vinnige en eenvormige opkoms lei.
- Staanvermoë is aanvaarbaar wat krities onder besproeiing is.
- Die koppe word op 51% van die plantlengte gedra. Dit is dus 'n gebalanseerde plant wat bly staan en maklik stroopbaar is.
- Plante is gemiddeld 2.40 meter lank met die koppe wat op 1.22 meter gedra word.
- Koplengte en diameter is aanvaarbaar. Wat populasie aanbeveling aanbetref het 31D23 meer "Flex" relatief tot P1197 en P1257.
- 'n Mate van kompensasie kom voor met wisselende plantpopulasies. Goeie opbrengste word verkry indien 75,000 tot 85,000 plante per hektaar gevestig word.

### POPULASIE AANBEVELINGS



- Hoewel 31D23BR 'n kort-medium groeiperiode het, en teen hoë plantpopulasies getoets word, presteer dit ook relatief goed by laer populasies (55,000 tot 70,000 plante per hektaar).

# AGRONOMIE


## NAVORSINGSINLIGTING



- Na die waarneming word verwys as "Flex" wat daarop dui dat 31D22BR ook geskik is vir laer plantpopulasies indien water en elektrisiteit beperk is.
- By hoë potensiaal vol besproeiingstoestande is die beste opbrengs gemeet by 70,000 tot 85,000 plante per hektaar op 0.91 meter rye.
- Aanbeveling is dus 70,000-85,000 plante per hektaar.

### PLASING VOLGENS OPBRENGSKAARTE

- Die proefpersele waar 31D23R geplant en vergelyk is, word in die figuur hieronder aangedui. Dit toon die prestasie van 31D23BR volgens omgewing wat varieer van minder as 12 ton/ha tot meer as 16 ton/ha opbrengspotensiaal.
- Dit is baie duidelik uit die figuur dat 31D23BR 'n warmweergewas is wat goed aard in die Warm Noord-Kaap en vere Warm Westelike produksiegebied. In die hele streek word opbrengste van meer as 12 ton/ha aangeteken. By heelwat lokaliteite is gemiddelde opbrengste van oor die 18 ton/ha gedokumenteer.
- Die figuur toon duidelik dat opbrengs dramaties afneem na 14 ton/ha en laer indien 31D23BR in die koeler Oostelike gedeeltes geplant word.
- 31D23BR bly 'n top geel kultivar wat onder vol besproeiingstoestande as 'n hoë insetbenadering hanteer moet word. Die ideale plantstand is 70,000 tot 85,000 plante per hektaar. Indien opkoms en plantestand 'n probleem is, kan die kultivar kompenseer tot so laag as 55,000 plante per hektaar deur selfs 'n tweede - of 'n spruitkoppie te vorm.



The foregoing is provided for informational use only. Please contact your Pioneer sales professional for information and suggestions specific to your operation. 2020 data are based on average of all comparisons made over 2020 locations through 2020. Multi-year and multi-location are better predictors of future performance. Do not use these or other data from a limited number of trials as a significant factor in product selection. Product responses are variable and subject to a variety of environmental, disease and pest pressures. Individual results may vary.



Pioneer Agronomy Sciences

TM, ® SM Trademarks and service marks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2020 Corteva.